



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 25 MEI 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Stanley, B J (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Essen, T (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Van Zyl, M (DA)
Papier, J R (GOOD)	Vermeulen, G (VF ⁺)
Penxa, B J (ANC)	Warnick, A K (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadslede en amptenare.

Pastoor Doktor D Andrew van die AGS Rosenhof-gemeente, Moorreesburg open met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat gedurende Meimaand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat verlof tot afwesigheid verleen word aan rdle A M Booyen en C Fortuin.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 INLIGTING INSAKE DIE "SERVICE EXCELLENCE" TOEKENNINGS

Die Munisipale Bestuurder stel die volgende amptenare aan die Raad voor, naamlik:

Interne Ouditafdeling:

- Senior Bestuurder, me Jurene Erasmus
- Interne Ouditeur, mnr Msizi Mseleni
- Intern: Risikobestuur, mnr Robert Hess

3.1/...

Strategiese Dienste-afdeling:

- GOP/LED beampte, me Nomfundo Skhosana
- Prestasiebestuur, me Samuelah Jasson

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die inisiatief van die Premier van die Wes-Kaap om uitstaande dienslewering te erken deur die toekenning van “service excellence awards”. Hierdie jaar is dit die eerste keer dat twee kategorieë vir munisipaliteite geskep is om aan hierdie toekennings deel te neem, naamlik (1) beste munisipale projekte en (2) beste plaaslike owerheid.

Vir die 1^{ste} kategorie is daar in totaal 49 inskrywing van munisipaliteite in die Wes-Kaap ontvang, waarvan Swartland Munisipaliteit 8 projekte ingeskryf het. Uit die 8 projekte het 3 projekte die finale 5 plekke gehaal en het Swartland Munisipaliteit die volgende toekennings gekry –

- 1^{ste} plek – Highlands Stortingsterrein
- 3^{de} plek – Early Childhood Development (ECD)

Verder het Swartland Munisipaliteit 'n 2^{de} plek behaal, gesamenlik met Drakenstein Munisipaliteit, as beste plaaslike owerheid.

Die trofees wat tydens die funksie van die Premier ontvang is, word oorhandig aan die betrokke personeel en lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee as blyk van waardering vir uitstaande dienslewer.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 26 APRIL 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van Gewone Raadsvergadering gehou op 26 April 2023 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 19 APRIL 2023
saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 12 APRIL 2023

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 20 APRIL 2023

7./...

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 2023 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Speaker gee geleentheid om navrae te rig insake die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Areaplanne.

Rdl P E Soldaka noem dat die gemeenskap van Moorreesburg ontevrede is met die wyse waarop die publieke deelnameproses uitgevoer is, deurdat die inhoud van die GOP nie in detail met die gemeenskap behandel was nie.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die benadering tot publieke deelname wat die Munisipaliteit gevolg het om soveel as moontlik rolspelers te betrek by die opstel van die GOP, deur Provinsie as een van die beste metodologieë beskou word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die gesamenlike opedae tussen die GOP en Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) daartoe bygedra het dat lede van die publiek, in persoon, insae kon lewer.

Rdle Penxa en Ngozi ondersteun die standpunt dat die GOP 'n komplekse dokument is wat in detail met die gemeenskap behandel moet word en noem die Munisipale Bestuurder dat die Thandi-video gebruik is om die boodskap op 'n verstaanbare wyse uit te dra. Die wykskomitees het 'n groot rol gespeel in die opstel van die Areaplanne.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die GOP en Areaplanne as uitstaande stukke werk beskou word en bevestig, met verwysing na die omvang van kommentaar wat ontvang is, dat die metodologie wat gevolg is in die opstel daarvan as 'n suksesverhaal beskou word wat wyd nagevolg sal word.

Die GOP en Areaplanne word deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê. Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word die goedkeuring van die GOP en Areaplanne beslis met 15 raadslede (x14 DA-stemme en x1 VF⁺-stem) ten gunstige daarvan en ses (6) raadslede (x4 ANC, x1 EFF en x1 COPE) wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die 2023 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2023/2024, goedgekeur word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000;
- (b) Dat die Raad kennis neem van die wysigings aan die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk soos vervat in die opsomming in Hoofstuk 2, paragraaf 2.5(c) van die GOP;
- (c) Dat die kommentaar en insette wat tydens April 2023 ontvang is (insluitende die SIME kommentaar), hanteer word ooreenkomstig Aanhangsels 2 en 3;
- (d) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningregulasies, 2009, afgehandel word.

[Nota: Die Munisipale Bestuurder maak van die geleentheid gebruik om afskeid te neem van die voormalige Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr Leon Fourie wat op 31 Mei 2023, na 15 jaar diens by die Swartland Munisipaliteit, aftree.]

8.2/...

8.2 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: WYSIGING VAN RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK: 2023-2027 (15/1/4/1)

Die doel van die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk 2023-2027 (ROR) is om 'n beleidsdokument daar te stel wat as riglyn dien vir volhoubare ruimtelike ontwikkeling binne die munisipale gebied.

Alle toepaslike nasionale, provinsiale en plaaslike wetgewing en regulasies is in ag geneem om die ROR te belyn met die nodige beleidsriglyne, sowel as met die ruimtelike implikasies vervat in die GOP.

Die Munisipale Bestuurder noem, met verwysing na rdl P E Soldaka se kommer aangaande verourderde inligting wat 'n impak mag hê op implementering van behuisingsprojekte, dat die Departement van Menslike Nedersettings die eienaar van die data is. Die Munisipaliteit se rol is om gereed te wees vir die implementering van behuisingsprojekte ten opsigte van grondgebruikbeplanning, omgewingsimpakstudies en voorsiening van grootmaat infrastruktuur.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die goedkeuring van die ROR word beslis met 17 stemme (x14 DA, x1 VF+, x1 Good en x1 EFF) ten gunste daarvan en die res van die raadslede (x4 ANC) wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesecondeer deur rdd M van Zyl)

Dat die Raad die wysigings van die Swartland Munisipaliteit: Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die totale regsgebied van Swartland ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) aanneem, onderhewig aan die volgende:

- (a) Die Raad moet binne 14 dae vanaf besluitneming in die media en die Provinsiale Koerant kennis gee van sy besluit;
- (b) Die persone/instansies wat in die publieke deelnameproses kommentaar gelewer het van die Raad se besluit en reaksie in kennis gestel word;
- (c) Alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk oorweeg en evalueer sal word;
- (d) Aksieplanne uit die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk jaarliks na die GOP proses vir befondsing verwys word;
- (e) Spesiale pogings jaarliks aangewend sal word ten einde uitvoering aan aksieplanne in die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk te gee.

8.3 GOEDKEURING VAN DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2023/2024, 2024/2025 EN 2025/2026 (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2023/24, 5/1/4)

[Nota: Vir die volledigheid en implementering van die besluit, sal daar op die Engelse weergawe staat gemaak word.]

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, om sy tweede Begrotingsrede (*State of the Municipal Address*) as uitvoerende burgemeester van die Swartland Munisipaliteit te lewer (sien aangeheg vir volledigheidshalwe).

Die Speaker gee geleentheid aan raadslede om repliek te lewer op die begrotingsrede en versoek rdl Penxa dat oorweging daaraan verleen moet word om, in 'n poging om onwettige rommel strooi aan te spreek, *wheelie bins* vir die totale munisipale gebied te implementeer. Die vyf swartsakke wat aan deernishuishoudings voorsien word is nie genoegsaam, met in ag neming van die aantal agterplaasbewoners nie, om al die vullis op 'n erf te versamel nie.

8.3/...

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2023/2024, 2024/2025 en 2025/2026 word tot stemming gebring en besluit met 16 raadslede (x14 DA-stemme, x1 VF+-stem en x1 GOOD-stem) ten gunste daarvan en die res van die raadslede (x4 ANC en x1 EFF) wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die publieke en provinsiale insette wat ontvang is en dat die reaksie en kommentaar (**Annexure E, Inputs received on Draft Budget**) daarop, soos aanbeveel deur die Begrotingsbeheerkomitee en Uitvoerende Burgemeesterskomitee, insoverre dit verband hou met die 2023/2024 MTREF Konsep Begroting deur die Raad aanvaar word. Dat daar verder besluit word dat, na oorweging van die insette op die konsepbegroting, geen wysigings aan die begroting of beleide nodig is nie;
- (b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per (**Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Final Budget and Tariff File**);
- (c) Dat die Raad, voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in (**Annexure B: 2023/2024 – 2025/2026 Capital Projects ito Sec 19**), eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is, en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tariefimplikasies oorweeg;
- (d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die drie(3) individuele projekte bo R50 miljoen, aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (e) Dat die toekomstige kapitaalbegrotings vanaf jaar drie(3) beperk word tot 16.5% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;
- (f) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Final Budget 2023/2024	Final Budget 2024/2025	Final Budget 2025/2026
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 101 665 452	R 70 374 545	R 99 643 329
External Loans	R -	R 33 000 000	R 17 000 000
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 24 708 000	R 25 664 000	R 26 660 000
Dept. Human Settlements	R 55 314 000	R 64 890 000	R 30 000 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 23 658 000	R 25 000 000	R 35 000 000
RSEP	R 500 000	-	-
Contributions / Donations	R 1 224 943	-	-
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 1 016 000	-	-
Community Safety Grant	R 40 000	R 40 000	-
Fire Service Capacity Building Grant	R 926 000	-	-
GRAND TOTAL	R 209 052 395	R 218 968 545	R 208 303 329

8.3/...

- (g) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per (**Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Final Budget and Tariff File**);
- (h) Dat die Raad spesifiek kennis neem dat sommige konvensie-benamings (waar van toepassing en toepaslik) gewysig moet word om te voldoen aan die vereistes van die bates-hiërargie, bv. 'n projek in die kapitaalbegroting genoem Omheining;
- (i) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R50 miljoen vir jaar twee (2) van die 2023/24 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: Malmesbury De Hoop 132/11kV Substation (R29 miljoen) en die Development of Highlands New Landfill Cell (R21 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;
- (j) Dat die hoëvlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2023/2024–2025/2026** finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17, 18 en 19 van die MFMA;

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Spesiale Aansuiwerings begroting 2022/23	Finale Begroting 2023/24	Finale Begroting 2024/25	Finale Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	191 095 805	178 839 804	209 052 395	218 968 545	208 303 329
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	1 071 330 062	1 174 132 994	1 371 930 505
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 098 017 579	1 192 485 181	1 311 049 716	1 489 696 468
Begrote (Surplus)/ Tekort	(64 652 106)	(72 441 587)	(121 155 119)	(136 916 722)	(117 765 963)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	77 109 000	78 890 510	107 386 943	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Tekort	12 456 894	6 448 923	(13 768 176)	(21 322 722)	(26 105 963)

- (k) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2023/2024 finansiële jaar;

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
Residential properties	1: 1	0,5956
Business and Commercial properties	1: 1,4586	0,8769
Industrial properties	1: 1,4586	0,8769
Agricultural properties	1: 0,25	0,1489
Mining properties	1: 1,4586	0,8769
Public Service Infrastructure	1: 0,25	0,1489
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	1: 1,4586	0,8769
Public Benefit Organisations	1: 0	0,0000
Vacant properties	1: 1,3470	0,8022
Municipal properties	1: 0	0,0000
Conservation Areas	1: 0	0,0000
Protected Areas	1: 0	0,0000
National Monuments	1: 0	0,0000
Informal Settlements	1: 0	0,0000

8.3(k)/...

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in (**Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Final Budget and Tariff File**) goedkeur as finaal;
- (m) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedkeur vir die 2023/2024 finansiële jaar, met inagneming dat dit **onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA** en dat die Tyd-van-Gebruik kliënte daarop moet let dat die TVG-tydsgleuwe onderhewig is aan verandering hangende Nersa/Eskom se uitklaring;
- (n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporterings-regulasies en uiteengesit is in (**Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2023/2024 – 2025/2026**) goedgekeur word;
- (o) Dat die wysigings aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in (**Annexure D: Final Amendments to Budget & Related Policies 2023/2024**), goedgekeur word as finaal;
- (p) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot **0,60%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R1 898 364** vir die 2023/2024 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;
- (q) Dat die Raad kennis neem van die verhoging in die salarisrekening van ongeveer **5.99%**:
 - Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.4%** vir 2023/2024; **5%** vir die 2024/2025 en **5%** vir 2025/2026 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (r) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier". Die totale groei in uitgawes van **4.5%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **8.6%** (**6.5% kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
 - die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **10 maande** vir 2023/24, **10.4 maande** vir 2024/25 en **9 maande** vir die 2025/26 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2023/24, 'n bedrag van **R 13 768 176**, vir 2024/25 'n bedrag van **R 21 322 722** en vir 2025/26, 'n bedrag van **R 26 105 963 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat ver onder die NT-norm is van minstens 'n 10% surplus.

8.3/...

- (s) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (t) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.7 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

8.4 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2023/2024 (15/1/B)

Die tariewe vir die 2023/2024 finansiële jaar is hersien ten einde 'n balans te vind tussen ontwikkelingsbydraes en werklike ingenieurskoste. Die tariewe het dus aansienlik verhoog, aangesien daar nie veel aanpassings in die voorafgaande jare was nie.

Dit is belangrik dat die Munisipaliteit 'n omgewing skep waarbinne ekonomiese groei en werkskepping bevorder word, daarom word daar voorgestel om 'n korting van 60% op die ontwikkelingsbydraes te oorweeg om beleggers/ontwikkelaars na die Swartland munisipale area te lok.

Die voorgestelde ontwikkelingsbydraes en korting daarop word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis met 15 raadslede ten gunste daarvan, met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G BEss)

- (a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2023/2024 finansiële jaar goedgekeur word:
 - (i) Greenfields"-ontwikkelingbydraes vir grootmaat elektrisiteit – (Bylae "A");
 - (ii) "Brownfields"-ontwikkelingbydraes vir elektrisiteit – (Bylae "B");
 - (iii) Ontwikkelingbydraes water – (Bylae "C");
 - (iv) Ontwikkelingsbydraes vir riool – (Bylae "D");
 - (v) Ontwikkelingsbydraes vir paaie – (Bylae "E")
- (b) 'n Korting van 60% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2023/2024 finansiële jaar toegestaan word, omrede:
 - Ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleid;
- (c) Ontwikkelings van ondernemings en nywerhede van 100 m² en kleiner is vrygestel van die betaling van ontwikkelingsbydraes;
- (d) Addisionele wooneenhede van 60 m² en kleiner is vrygestel van die betaling van ontwikkelingsbydraes;
- (e) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste van toepassing wees.

8.5 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselwet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkel en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die aanhangsels tot die sakelys behels die tweede hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die wysiging tot die Raad se Stelsel van Delegasie (2^{de} Hersiening) soos vervat in Aanhangsels A tot C goedgekeur word, en kennis geneem word van die wysigings aan die Munisipale Bestuurder en Hoof Finansiële Beampte se delegasiestelsels soos vervat in Aanhangsels D tot G;

8.5/...

- (b) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluiklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

8.6 (1) EISE VANAF KALBASKRAAL VIR ONMIDDELLIKE BEHUISINGSPROJEK; VERSOEK VANAF ILINGE LETHU EN PHOLA PARK VIR 'N TYDELIKE DEURGANGSKAMP (17/4/2/B)

Die Munisipale Bestuurder doen 'n voorlegging om eerstens die eise deur inwoners van Kalbaskraal en tweedens die versoek van Ilinge Lethu en Phola Park te illustreer – die voorlegging word aangeheg vir volledigheidshalwe.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar tans 16 144 name op die behuisingswaglys is en vestig die Raad se aandag op die kriteria wat deur die Nasionale Regering daar gestel is om te kwalifiseer vir 'n topstruktuur, naamlik begunstigdes:

- (1) wat 60 jaar en ouer is;
- (2) wat militêre veterane is;
- (3) wat gestremd is;
- (4) waar kinders hoof van huishouding is.

Met die profielsamestelling van die begunstigdes van gedienste erwe uit voormelde kriteria (soos geïllustreer), kwalifiseer slegs 10 uit die 134 begunstigdes vir topstrukture.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die versoek van Ilinge Lethu en Phola Park voortspruit uit 'n behoefte om 'n deurgangskamp vir agterplaasbewoners te skep wat nie aan voormelde kriteria voldoen nie.

Die Munisipale Bestuurder illustreer die impak wat die skep van 'n deurgangskamp op die De Hoop-behuisingsprojek sal hê, met verwysing na verlies in behuisingsgeleenthede en gelde.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

A: TEN OPSIGTE VAN KALBASKRAAL

- (a) Dat daar kennis geneem word van die eis en behoefte vanuit Kalbaskraal vir topstrukture vir 134 erwe wat gedurende 2020 van dienste voorsien is;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die diens van die erwe voorafgegaan is deur 'n proses van grondaankope vanaf Transnet en die privaatsektor en dat die nodige veranderinge in grondgebruik ten opsigte van hersonering, konsolidasie en onderverdeling eweneens volvoer is;
- (c) Dat daar verder kennis geneem word dat uit die 134 begunstigdes slegs 10 persone aan die kriteria voldoen om te kwalifiseer vir 'n topstruktuur;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat enige topstrukture vir Kalbaskraal as "queue jumping" beskou sal word en Phola Park 2, 3 en 4 tereg ongelukkig kan voel omdat hulle in orde van prioriteit voor Kalbaskraal gehelp behoort te word, omrede hulle reeds sedert 2015 wag, in teenstelling met Kalbaskraal se 2020-projek;
- (e) Dat daar kennis geneem word van die toekenning van Menslike Nedersettings vir die MTREF tydperk – soos elders in die sakelys en in die begroting gemeld, en dat indien Kalbaskraal voorkeur geniet die gevolg daarvan sal wees dat die ander projekte minder geld sal ontvang;
- (f) Dat die Kalbaskraal eis van onmiddellike huise vir die redes hierbo nie voorkeur behandeling kry nie, omrede dit nie billik sal wees teenoor die ander projekte in die Swartland Munisipaliteit nie;

B: Ten opsigte van/...

8.6/...

B: TEN OPSIGTE VAN ILINGE LETHU EN PHOLA PARK

- (a) Dat daar kennis geneem word dat tenders vir die diens van 1013 erwe in die De Hoop Ontwikkeling reeds geadverteer is met die sluitingsdatum teen einde Mei 2023;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die grootmaatsdienste vir die De Hoop Ontwikkeling – met verwysing na riool en water – reeds die voorafgaande finansiële jare aangebring is, en dat elektrisiteit grootmaat infrastruktuur eersdaags (2 jaar) beskikbaar sal wees;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die voorsiening van grond vir 'n deurgangskamp, oftewel 'n TRA 'n negatiewe impak op die ontwikkeling van die 1013 erwe gaan hê ingevolge waarvan die geleentheid wesenlik sal verminder;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat die "profiling of beneficiaries" van die eerste 1100 persone op die waglys ongeveer 'n 60/40 verdeling is van persone onderskeidelik woonagtig in Wesbank en Ilinge Lethu;
- (e) Dat daar kennis geneem word dat daar nie in die huidige begroting voorsiening gemaak is vir enige dienste vir 'n deurgangskamp nie en dat, indien daar wel uit die huidige toekenning 'n sywaartse allokasie vir 'n TRA gedoen word, daar pro-rata soveel minder geld vir die De Hoop Projek beskikbaar sal wees;
- (f) Dat die versoek van Ilinge Lethu vir 'n TRA vir die redes hierbo gemeld dus nie op hierdie stadium oorweeg kan word nie.

8.7 VOORGESTELDE LANGTERMYN VERHURING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN ERF 327, MALMESBURY (12/2/B)

Die Munisipaliteit is ten gunste van die skep van alternatiewe energie in 'n poging om beurtkrag na die Munisipaliteit te verlaag en jaarlikse elektrisiteitsverhogings te beperk.

Die Munisipaliteit het reeds 'n drie jaar ooreenkoms met Darling Green Utility onderteken om 1MVA sonkrag aan die Munisipaliteit te verskaf met ingang van Januarie 2024.

Die geleentheid bestaan om gedeelte grond van die sogenaamde Klipkoppie-eiendom aan potensiële onafhanklike kragprodusente (IPP's) vir 'n langtermyn huur beskikbaar te stel. Die Klipkoppie word geskik beskou vir die ontwikkeling van 'n sonkragaanleg aangesien dit redelik naby is aan die Munisipaliteit se 11 kV substasies en die helling van die grond front Noord/Noordwes wat die wenslikste is vir sonbestraling.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte (die omvang nog bepaal te word) van erf 327, Malmesbury aan potensiële onafhanklike kragprodusente (IPPs) beskikbaar gestel word onder 'n tender vir die daarstel van 'n sonkragaanleg op die betrokke eiendom, onderhewig aan die verkryging van die toepaslike grondgebruiksregte en omgewings-magtigings;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die termyn van huur op twintig (20) jaar vasgestel word om die huuropsie lewensvatbaar te maak vir voornemende beleggers;
- (d) Dat die voorgenome langtermyn verhuring van bogemelde eiendom in terme van die Raad se Verordening insake die Oordrag van Munisipale Kapitale Bates, PK 7394 gedateer 22 Mei 2015 vir kommentaar/besware geadverteer word;
- (e)/...

8.7/...

- (e) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Munisipale Bestuurder om in samewerking met die Raad se waardeerders 'n billike en markverwante huur te bepaal as reserwe huurgeld;
 - (ii) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om te handel met enige besware wat teen die voorgenome langtermyn verhuring van die eiendom ontvang mag word;
 - (iii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verhuur te finaliseer;
 - (iv) aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste om die tendervoorwaardes vir die aanwending van die perseel vir doeleindes van 'n sonkrag-aanleg te finaliseer.

**GETEKEN:
SPEAKER**